**Skriflesing:** Levitikus 11:44-45; 19:1-2; 20:26 en 1 Petrus 1:14-16
**Tema:** Die appel val nie ver van die boom nie.

Vanoggend roep die Here vir ons in geen onduidelike taal op: "Omdat Ek jou afgesonder het, jou my kind gemaak het, wees heilig, want Ek is heilig."

Dwaalleer of onheiligheid is nie 'n moderne verskynsel nie. Dit is al deel van ons menswees van die eerste bladsy van die Bybel af. Ons vier vandag Hervormingssondag. Hervorming gebeur grootliks as gevolg van die dwaalleer deur veral die Rooms Katolieke Kerk.

Vir eeue het die Rooms Katolieke kerk 'n geweldige houvas op sy lidmate gehad. Die Bybel was nie vrylik beskikbaar nie en was ook byna net in Latyn beskikbaar. Die meeste lidmate kon in elk geval nie lees nie en het die kerkleiers se leiding onvoorwaardelik aanvaar. Dit wat die pous en ander leiers in die kerk gesê het, was wet. Hul het hulle magsposisie misbruik om rykdom vir hulself en die kerk in te samel ten koste van reeds arm lidmate.
Met die aflaat stelsel kon jy jou eie sondes afkoop. Selfs sondes van geliefdes wat reeds oorlede is, kon afgekoop word op sodoende vir hulle toegang tot die hemel te verseker. Pous Leo 10 is een geestelike leier wat so geld bekom het vir die voltooiing van die St Peterskerk in Rome.
Kerkhervorming begin formeel op 31 Oktober 1517 toe Maartin Luther sy 95 stellings teen dié dwaalleer teen die kerkdeur in Witteberg vasspyker.

Vanuit die Hervorming vloei die 5 pilare waarop ons steeds vandag ons geloof en belydenis bou. Ons sien hierin iets van hoe om heilig te leef.
**1. Sola Scripture. Die Bybel alleen**
**2. Solus Christus. Christus alleen**
**3. Sola gratia. Genade alleen**
**4. Sola fide. Geloof alleen**
**5. Soli Deo gloria. Aan God alleen die eer**

Die "Verklarende Handwoordebook vir die Afrikaanse taal" beskryf heiligheid soos volg: "Dit is om volmaak of sonder sonde te wees." Dit kan net God wees. In Sy krag en deur die Heilige Gees in ons, te streef ons om soos Hy te wees. Ons stry, ons maak oorlog teen sonde en in Sy krag wen ons. Alles wat ons dink en sê en doen, dra Sy goedkeuring weg.

Heiligheid is om afgesonder of eerder uitsonderlik in Sy diens te wees. Ons woorde en dade wys dat ons aan Hom behoort.
Ons het verlede Sondag iets hiervan gelees. In Eksodus 33:16 sê Moses vir die Here: Dit is juis deurdat U met ons saamgaan dat ons, ek en u volk, anders is as al die ander volke op die aarde." Heiligheid beteken nie dat ons beter as enige ander mens is nie, maar as Sy kinders is ons heilig, ons is anders.

In die "ons Vader" gebed leer Jesus ons bid: "laat U naam geheilig word". Die woord heilig in die ons Vader gebed beteken dat ons sy Naam sal uitsonder as die Naam bo alle name.

Verder bely ons dat ons glo aan ‘n heilige Christelike kerk en die gemeenskap van die heiliges. Ook dit klink vir ons nogal vreemd, want ons weet hoeveel gebreke,,foute en swakhede daar by ons as die kerk is. Wat beteken hierdie belydenis?
Indien die kerk sou bestaan uit mense wat nooit sonde doen nie, dan sal nie een van ons kon kerk wees nie. Nee, die kerk bestaan uit mense wat worstel teen sonde, maar ook weet dat as ons ons sonde opreg bely, dan vergewe Christus dit. Ons as kerk is heilig, met ander woorde, ons is anders omdat ons aan die Here behoort en Hom alleen dien.

Die 10 gebooie wys vir ons die beste hoe lyk heiligheid. Dié gebooie kom lekker naby aan ons eie lyf, aan ons elke dag se dink en doen.
Kyk hoe word die 10 gebooie in Levitikus 19 aan die volk van die Here voorgehou. Ek haal nie al die verse aan nie, want dit sal te lank raak. Die verse verskyn by die Huisgeloof waaroor ons by ons huise en kleingroepe lekker kan gesels.

**Die eerste vier gebooie gaan oor liefde vir God.**
[4]Julle mag nie afgode dien nie en julle mag nie vir julle afgodsbeelde maak nie.
[31]Moenie hulp soek by geeste of waarsêers nie. Dit sal julle onrein maak.
[3] Julle moet my gebooie oor die sabbat gehoorsaam.

**Die laaste 6 gebooie gaan oor liefde vir mense. Ons moet mense liefhê asof hulle onsself is.**
[9]Wanneer julle julle lande afoes, moet julle nie die wenakkers afoes nie en ook nie die are
wat bly lê, agterna optel nie. [10]Julle moet ook nie die wingerde 'n tweede keer oes of die
korrels wat val, optel nie. Laat dit alles bly vir die armes en die vreemdelinge. Ek is die Here julle God.
[33]Wanneer daar 'n vreemdeling by julle in julle land woon, mag julle hom nie onderdruk
nie. [34]Julle moet hom soos 'n medeburger behandel en hom liefhê soos julleself. Julle was immers self ook vreemdelinge in Egipte.

**5de Gebod**
[3] Elkeen van julle moet eerbied hê vir sy ma en sy pa.

**6de Gebod**
[17]Jy mag nie haatdraend wees teenoor jou volksgenoot nie. Maak die geskil openlik met hom uit, moenie wat hy verkeerd gedoen het, teen hom bly hou nie.

**8ste Gebod**
[11]Julle mag nie steel nie en julle mag nie lieg of mekaar bedrieg nie.
[13]Jy mag nie jou naaste uitbuit of hom beroof - of loon terughou nie.
[35]Julle mag nie bedrog pleeg wanneer julle meet, weeg of inhoud bepaal nie. [36]Julle moet 'n
betroubare skaal en die regte gewigte en inhoudsmate gebruik.

**9de Gebod**
[12]Julle mag nie 'n vals eed aflê in my Naam en so die Naam van julle God ontheilig nie. Ek is die Here.
[16]Jy mag nie loop en skinder nie

In Levitikus 19 sê die Here 16 keer: “Ek is die Here of Ek is die Here julle God.” Here beteken eienaar of besitter. Ons is ten duurste gekoop. Ons staan onder nuwe bestuur. Hoor as die Here ons God vanoggend weer vir ons oproep: “Ek is die Here julle God wat julle uit sondeslawerny bevry het. Ek het julle gekies, julle behoort aan My. Gehoorsaam al my voorskrifte en bepalings en leef daarvolgens. Ek is die Here.”
Die appel val nie ver van die boom nie. Ek is die Here julle God, wees al meer soos Ek. Wees anders as hulle wat nie die Here ken en dien nie. En moet julle nie vergelyk met of meet aan ander mense nie. “Wees heilig, want ek is heilig.”
Amen